

Tema: Weerstaan Satan se persoonlike aanvalle op jou en oorwin hom deur die krag wat God jou gee.

God en ons ontmoet mekaar

Intreelied en votum: Ps 43 - 1: 1, 3

Seën

Sing Ps 18 - 2: 1, 2, 5 (tweede mel)

Geloofsbelydenis: Geloofsbelydenis van Nicea

Ons verootmoedig ons voor God

Wet uit Eksodus 20

Sing Ps 37 - 1: 1, 2 5

Gebed

God bedien aan ons sy Woord en ons ontvang dit aktief in geloof

Skriflesing: Nehemia 6

Teksvers: Neh. 6:9

Sing: Ps 27 - 3: 1, 2

Woordverkondiging

Ons antwoord op die Woordbediening

Gebed

Sing Ps 35 - 1: 1, 7, 12 (Mel van Ps 73 - 1)

Seën

Amenlied: Sb 13-2.

Liefdegawes vandag: Beide kollekties van vandag is vir ons eie Diakonie.

Geliefde brs en srs en kinders

Die Here het nou al duidelik aan ons geopenbaar dat Satan alles in sy vermoë sal doen om ons werk in die koninkryk van God te keer. Hy gebruik ook verskillende strategië en planne. In hf 4 het Satan 'n fisieke aanval en gevaar van buite georkestreer om die volk bang te maak en te laat ophou bou. In hf 5 het 'n tweede taktiek gebruik deur sonde en onreg binne die volk te bewerk wat byna die bouwerk van koers af gedwing het.

Hier in hf 6 sien ons sy derde aanvalsplan: om Nehemia as leier persoonlik aan te val in 'n poging om hom te ontmoedig om met die bouwerk voort te gaan. Want wanneer die leier aanval word, kan die hele spanbou daarmee negatief beïnvloed word!

Geliefde brs en srs, Satan rig sy aanvalle nie net op leiers nie, maar Hy val my en jou ook persoonlik aan! Die Here gebruik nie net leiers nie, Hy gebruik elke gelowige as bouer in sy koninkryk. En daarom is ek en jy ook in sy visier! Hy wil keer dat ek en jy ons bouwerk vir die Here doen! Elkeen van ons is immer 'n leier op die terreine waar die Here my wil gebruik! In my huwelik, in my gesin, in die gemeente en in die samelewing – daar gebruik die Here my en daarom val Satan ons aan!

Satan rig hierdie aanvalle baie persoonlik! Hy dring in ons persoonlike lewe in, hy dring as't ware in ons persoonlike ruimte in deurdat ons hier ons binneste met hom worstel, maar ook in ons persoonlike lewe aanvalle ervaar in 'n poging om ons fokus van ons roeping af te skuif en ons bouwerk tot stilstand te bring!

Daarom bemoedig die Here ons vanmore met hierdie boodskap uit Nehemia se lewe: Weerstaan Satan se persoonlike aanvalle op jou en oorwin hom deur die krag wat God jou gee!

Wat 'n wonderlike troosvolle boodskap! Ja, Satan val ons aan, maar ons is nie weerloos teenoor Hom nie! Ons is nie maar net weerlose teikens wat hy na willekeur kan seermaak en van koers af dwing nie! **Nee! God rus ons toe met krag en met wapens om sy aanvalle af te weer en hom ook te kan oorwin!**

Dit sien 'n mens duidelik as jy hierdie hoofstuk lees! Hoe Nehemia elke persoonlike aanval wat Satan op hom rig, met die krag van die Here weerstaan en op sy werk bly fokus sodat hy dit suksesvol kan klaarmaak! Die eerste aanval kom in vers 4 deur Sanballat en sy bondgenote. Nehemia word van die bousterrein weggelok na 'n ander plek om hom daar te ontmoet en waarskynlik was die plan om hom dood te maak! Wanneer Nehemia deur die plan sien en eenvoudig aanhou werk – hou Sanballat aan – want dit is soos Satan maak – Hy los jou nie sommer nie! Hulle probeer 4 keer om Nehemia weg te lok!

Gedurigdeur was daar ook die druk van mense dat Jesus sy roeping moes versaak! Onthou julle toe Jesus vir 'n geweldige groot skare by die see van Galilea kos gegee het met 'n wonderwerk van 5 brode en twee vissies! Die mense wou hom toe met alle geweld tot koning verklaar! Want dit sou darem baie lekker wees as 'n koning so vir sy mense kon sorg! Jesus kon geval het vir hierdie mensverheerliking maar ons lees in Johannes 6: 15 dat Jesus onmiddelik die skare verlaat het, toe Hy van hierdie poging bewus word.

Later toe Jesus Jerusalem op 'n donkie binnery en die skares hom tot koning verklaar, dan raak ons Here diep ontsteld oor die moeilike pad wat Hy moet gaan loop om nie op hierdie verkeerde wyse die koningskap op te neem nie maar die pad van die kruis en die dood en opstanding te loop!

Skyfie 1

Ons lees in Joh 12 vers 27 en 28: ²⁷“Nou is Ek diep ontsteld. En wat moet Ek sê? Moet Ek sê: Vader, red My uit hierdie uur? Maar juis hiervoor het Ek gekom, vir hierdie uur. ²⁸Vader, verheerlik u Naam!” Toe het daar 'n stem uit die hemel gekom: “Ek het my Naam verheerlik, en Ek sal dit weer verheerlik.”

Geliefde brs en srs, hoor julle hoe persoonlik worstel Jesus met hierdie versoeking en hoe sy Vader hom help en versterk om dit te oorkom! Later in Getsamene dat versoek sy eie menslike swakheid hom om te vra of die beker van die kruis nie tog maar by Hom kan verbygaan nie! Ons Here se eie menslike swakheid rig 'n versoeking om nie die pad van God te loop nie!

Hoekom het die Satan ons Here Jesus so persoonlik aangeval en bykans al sy taktieke op Jesus probeer? Om Hom van die kruis af te hou! Om te keer dat Jesus die versoeningspad van God loop! Want daar aan die kruis sou Jesus die Satan oorwin en die versoening bewerk wat vir ons die lewe by God kon verseker! Daar het ons saam met Jesus die Satan oorwin en stel Jesus ons in staat om hom ook te oorwin!

Skyfie 2

Ons lees in die boek Hebreërs die volgende: Heb 2: 17 en 18: ¹⁷Daarom moes Hy (Jesus) in elke opsig aan sy broers gelyk word, sodat Hy 'n barmhartige en getroue Hoëpriester voor God kon wees om die sondes van die volk te versoen. ¹⁸Omdat Hy self versoek is en gely het, kan Hy dié help wat versoek word.”

En in hf 4: 15 en 16 ¹⁵Die Hoëpriester wat ons het, is nie Een wat geen medelye met ons swakhede kan hê nie; Hy was immers in elke opsig net soos ons aan versoeking onderwerp, maar Hy het nie gesondig nie. ¹⁶Kom ons gaan dan met vrymoedigheid na die genadetroon, sodat ons barmhartigheid en genade ontvang en so op die regte tyd gered kan word. “”

Br en sr, die Here Jesus het dieselfde pad van versoeking en aanvalle van Satan geloop en Hom oorwin om ons in staat te stel om ook te oorwin! Ek en jy is nie maar weerlose teikens waarmee Satan kan maak wat Hy wil nie! Nee, God rus

ons toe met krag en met wapen waarmee ons sy aanvalle kan afweer en waarmee ons Hom kan oorwin!

Skyfie 3

Hoor weer die belofte van God in 1 Petrus 5: 8 – 10: ⁸Wees nugter, wees wakker! Julle vyand, die duiwel, loop rond soos 'n brullende leeu, op soek na iemand om te verslind. ⁹Bly standvastig in die geloof en staan hom teë. En moenie vergeet nie: dwarsdeur die wêreld moet julle medegelowiges dieselfde soort lyding verduur. ¹⁰God wat alle genade gee en wat julle geroep het om in Christus Jesus deel te hê aan sy ewige heerlikheid, sal julle, nadat julle 'n kort tydjie gely het, self weer oprig en julle moedig, sterk en standvastig maak.”

Geliefdes, die Satan sal alles met jou probeer! Hy sal goed gebruik wat vir jou dalk baie belangrik lyk om jou mee besig te hou, sodat jy jou roeping – synde as man of vrou in die huwelik, of as ouer of as gelowige – nie nakom nie omdat jy nie tyd het nie!

Of Hy sal jou met een of ander sonde in die skande bring sodat jou naam beswadder word en die eer van die Here in gedrang kom! Daarmee neutraliseer hy jou! Of hy sal een of ander ernstige beproewing wat die Here oor jou pad bring, gebruik om jou te laat twyfel of jou so uit te mergel dat jy nie nie krag oor het om jou roeping te versaa nie!

Hy sal jou hier in jou binneste in jouself laat twyfel en in jou geloof! Dat jy nie goed genoeg vir God is nie! Kyk net al jou sonde! Dat jy nie iets vir God kan doen nie! Ens ens. Hy sal jou wil oortuig dat die Here jou nie kan help nie!

Geliefdes; die Here sê dan vanore vir ons: God help ons net soos Hy Nehemia gehelp het om hierdie persoonlike aanvalle van Satan te oorwin! Dat ons ook nie van koers gedwing word nie en op ons bouwerk in die koninkryk van God kan bly fokus en die bouwerk kan klaarmaak! Dat ons ons stukkie muur kan voltooi!

Een van ons magtigste wapens is die Heilige Gees wat in ons woon! Die Heilige Gees wat ons voortdurend herinner aan God se Woord en God. Die Woord wat die Swaard van die Gees is en waarin God se beloftes staan! Die waarheid en die oë gevestig op God! Daarmee oorwin ons! **Die Heilige Gees wat ons voortdurend innerlike krag gee om die Satan te weerstaan!** Wanneer dit vir ons voel asof sy bedreiging ons gaan oorwin, dan versterk die Heilige Gees ons!

Skyfie 4

Luister weer na die belofte van die Here in 1 Joh 2: 20 **wanneer Johannes ons waarsku teen die aanslae van die antichris:** Julle is egter deur die Heilige Gees gesalf, en julle ken almal die waarheid.” Die Antichris en die valse profeer waarvan Openbaring 13 praat is hard aan die werk om ons van koers af te probeer bring! Om ons met vrees te intimideer en ons bang te maak! Maar ons het die Gees van God en die waarheid van sy Woord! Soos Nehemia die leuen van die vals profeet Semaja kon raaksien, so kan ek en jy die strikke en leuens van die Satan raaksien en dit oorwin!

Skyfie 5

Paulus herinner vir die jong Timoteus wat baie bang en onseker was oor sy roeping omdat Paulus alweer in die tronk sit! Hy sê vir hom: 2 Tim 1:7 “Die Gees wat God ons gegee het, maak ons immers nie lafhartig nie, maar vul ons met krag en liefde en selfbeheersing.”

Daarom geliefde br en sr en lieve kinders, watter taktiek die Satan ook al in jou persoonlike lewe probeer: gebruik die krag en die wapens wat God jou gee om sy aanvalle af te weer! Jy is nie weerloos nie! Jy is nie magteloos in die greep van Satan nie! Ja, hy brul soos 'n leeu om ons bang te maak!

Nee, houvas aan God! Ons vertrou die Here en ons bid soos Daniel in die leeu kuil! En ons Here Jesus help ons! Ons het mos nou weer gehoor: omdat Jesus self versoek is en gely het aan die hand van Satan, help Hy ons om Satan te oorwin!

Ons het telkens gesien hoedat Nehemia in die krisisoomblikke bid en God se hulp vra! En kyk hoe getrou was die Here! Hy het Nehemia gehelp! Nehemia en die bouspan van Jerusalem kon die werk klaarmaak! Die muur is gebou!

En het julle mooi gehoor wat Nehemia in vers 16 sê? Daar staan: Toe al die vyande van Nehemia en die volk sien dat die muur klaar gebou was, was hulle selfversekerdheid daarmee heen! Hulle het geweet die Here het sy volk gehelp en hulle het in sy krag die oorwinning behaal!

Brs en srs, Satan se selfversekerheid is ook daarmee heen! Christus het hom aan die kruis en met sy opstanding oorwin! Hy rig nou sy paniekerige aanvalle op ons in 'n laaste poging om ons fokus van ons roeping af te trek deur ons te versoek en ons persoonlik aan te val!

Hoekom dink jy sal ons Vader nie vir my en jou ook help nie? Ons moet nooit daaraan twyfel nie! Die finale oorwinning van Christus en van ons as sy leermag, staan klaar aangeteken in die boek Openbaring! Ons kan hom oorwin en ons sal hom oorwin!

Wie volhard tot die einde toe -sal oorwin!

Amen

